Die Hoërskool Menlopark · Excelsa Petamus · Sedert 1963

# menlo-insig

Insig 19/2026– 7 Augustus 2026

**Liewe Menlo**

Ons gesin het jare gelede 'n staptoer in die berge van Mpumalanga onderneem. Toegerus met genoeg entoesiasme, maar te min tente, het ons die roete aangepak. In die middel van die nag, op die verste punt voor die nuwe dag aanbreek, het 'n donderstorm in egte Hoëveldse styl om ons losgebars. Druipnat en yskoud het ons daardie nag besef: Storms is deel van die lewe, dit veroorsaak ongemak en toets karakter. Ons het ook geleer dat dit 'n bietjie makliker is om die elemente te trotseer met die regte toerusting in jou rugsak.

'n Waterdigte tent en goeie stapskoene is onontbeerlik vir 'n staproete, maar die toerusting vir lewensstorms is onsigbaar. Tydens stormagtige tye behoort die oorwinning gewoonlik aan diegene met 'n sterk karakter, duidelike kompas en onwrikbare toewyding.

Vir Menloparkers is hierdie waarheid in ons DNA ingeweef. Ons leuse, *Excelsa Petamus*, is die kompas wat elke Parkie se optrede rig. Dit herinner ons dat ons nie bestem is vir die koelte en gemak van die vallei nie, maar vir die uitdagings op pad na die spits. Om die hoogste na te streef, beteken nie dat die pad sonder storms sal wees nie; dit beteken dat ons die oog op die kruin hou wanneer moeilike omstandighede ons sig belemmer.

Innerlike krag en karakter word tydens stormagtige tye gebore. Dink aan die skilderagtige Meiringspoort in die Klein Karoo, gevorm deur die geweldige krag van water wat vir millennia deur die Swartberge gebreek het, of die indrukwekkende maalgate van Bourke's Luck. Die natuur leer ons dat die mooiste landskappe deur die kragtigste elemente gevorm word.

As Parkies skrik ons nie wanneer donderwolke nader kruip nie, want ons dra die regte toerusting met ons saam. Wanneer storms woed, ondersteun ons mekaar en herinner ons onsself dat elke storm uiteindelik verbygaan.

Storms is deel van die lewe, maar dit sal ons nie stuit nie. Ons weet wie ons is en waarheen ons op pad is.

*Excelsa Petamus*

KOBUS HARTMAN



"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie. Maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JOHANNES 4: 13—14**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Kommunikasie met personeel

Ouers is welkom om onderwysers enige tyd per e-pos te kontak.
Maak gerus van die *Communicate with Staff*-funksie op Ed-admin gebruik.

## Menlo-kalender

Die skool se kalender is op Ed-admin en die webblad beskikbaar.

- Ed-admin fokus op akademie (stel u kalender op Day of week).
- Die webblad fokus op sport– en kultuurgebeure.

Ouers het die opsie om op die kalender in te teken. Die skoolkalender is in verskillende skakels verdeel. Ouers teken slegs op die kalender in wat op hulle kinders van toepassing is. Indien die kalender verander, sal die kalenders op Ed-admin, die webblad en ouers se fone outomaties opdateer.

**Intekenskakels**

- Volg die QR-kode.
- Die skakels is ook via Ed-admin met ouers gedeel (Notifications).

## Ed-admin

Kode: 599649.
Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Gratis studiekursus

Elke Maandag vir die volgende tien weke.

**Sessie 1:** 17 Augustus 2026

**Tyd:** 14:15—15:00

**Lokaal:** F102

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

### Drama: Pronk Podium-kompetisie

Volg die **skakel** vir die program.

### Graad 9-vakkeuses

Ouers word herinner aan die graad 9-vakkeuse-inligtingsaand wat op 11 Augustus om 18:00 in die saal plaasvind.
Kyk gerus op Ed-admin onder Documents—Graad 9-vakkeuse-inligting.

Volg die **skakel** vir die nuutste wintersportuitslae.

### Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Eienaamverbindings wat as eiename optree, kan op vier wyses geskryf word, byvoorbeeld:

Comrades Marathon

Comrades-Marathon

Comrades-marathon

Comradesmarathon

(Bron: Viva Taalwenk & 2017-AWS: 15,6)



## 2010: Menlo verwelkom dasroosters

Die dasrooster was 'n unieke Menlo-instelling. Matrieks het dit aan die agterkant van hulle dasse vasgewerk sodat hulle hulle koers altyd doelgerig kon inslaan.

# AKADEMIE

## TOP-20-LEERDERS

**Graad 8**

20. Anabelle Beetge, 19. Karlie Krynauw, 18. Olivia Brits, 17. Matthew Vermeulen, 16. Miané Schoeman, 15. Michaela Edworthy, 14. Kara-Mari Matthee, 13. Mignon Meyer, 12. Leia Mentz, 11. Bernard Theron, 10. Lia de Klerk, 9. Andria Venter, 8. Juan Erasmus, 7. Courtney Pike, 6. Emke Pieterse, 5. Alexie Grobler, 4. Milan Minnaar, 3. Hein van Brummelen, 2. Inge Schoeman & 1. Xander De Lange (94,86%).

**Graad 9**

20. Esjee Van Heerden, 19. Regina Nel, 18. Hermanus Vermaak, 17. Anabelle Mcintyre, 16. Milan Breet, 15. Liam Senekal, 14. Clara Blignaut, 13. Marietjie Mahne, 12. Abigail Prinsloo, 11. Georgia Fitzroy, 10. Jacques van Heerden, 9. Jacques Groenewald, 8. Jean-Paul Fourie, 7. Gabrielle Mokrane, 6. Christiaan Koekemoer, 5. Emily de Jager, 4. Lara Hofmeyr, 3. Lené Meiring, 2. Keilah Visser & 1. Lana Swanepoel (95,04%).

**Graad 10**

20. Nika Swart, 19. Mia Booysen, 18. Ruan Nieuwenhuys, 17. Christiaan Matthee, 16. Reinhard Langenhoven, 15. Niël Van Zyl, 14. Leah de Witt, 13. Oliver Pretorius, 12. Leané Gerber, 11. Zea de Villiers, 10. Clarisé van Niekerk, 9. Heinrich Coertze, 8. Jaco Aldum, 7. Vené Eloff, 6. Divan Heyl, 5. Heinz Kunzmann, 4. Ava van der Linde, 3. Raine Smit, 2. Leila du Plessis & 1. Bernhard Bohmer (91,75%).

**Graad 11**

20. Jan-Willem Pienaar, 19. Megan Nieman, 18. Luané Erasmus, 17. Nicole Enslin, 16. Alexi Olivier, 15. Liané van Sittert, 14. Rosalie Louw, 13. Daniel Slabbert, 12. Jeanne-Marie van Brummelen, 11. Annika Bohmer, 10. Talia Jonker, 9. Stehan Serfontein, 8. Kendra van Dijk, 7. Rynhardt Buys, 6. Ockert Blom, 5. Milan Visser, 4. Liané de Wet, 3. Markus de Jager, 2. Adri de Beer & 1. Gisele Geldenhuys ( 96,86%).

**Graad 12**

20. Tayla Botha, 19. Jordan Botha, 18. Jean du Plessis, 17. Hesten Roetz, 16. Lente Swanepoel, 15. Ciana Kruger, 14. André Kruyshaar, 13. Danielle van Deventer, 12. Milé Swanepoel, 11. Le Roux van Wyk, 10. Enya Pretorius, 9. Corlise Potgieter, 8. Xanté Strauss, 7. Clara Serfontein, 6. Rian Knoesen, 5. Luka Smit, 4. Nicholas Pretorius, 3. Livvy Pienaar, 2. Luan Visser & 1. Erik Senekal (97,31%).

# AKADEMIE

## WOORDSLIM PARKIES SKITTER BY OLIMPIADE

**UITSLAG: AFRIKAANS SENIOR OLIMPIADE**

Die Afrikaans Senior Olimpiade is een van die land se gewildste taalkompetisies. Dit lok jaarliks duisende inskrywings van leerders wat hul spel-, taal- en woordeskatvaardighede op die proef wil stel — of net wil bewys dat hulle weet hoe om herinner en op pad te spel.

Nagenoeg 29 Parkies het vanjaar hulle vlymskerp breine ingespan om hierdie taaltaai uitdaging aan te pak. Die skool is trots op elke Parkie wat deelgeneem het.

**Provinsiaal: Top-20**



| Erik Senekal (3de) | Adri de Beer | Clara Serfontein | Luka Smit | Ciana Kruger | Jeanne-Marie v Brummelen | Liam de Koning | Liané Gerber |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Nasionaal: Top-100**

Erik Senekal (5de), Adri de Beer, Clara Serfontein, Luka Smit, Ciana Kruger, Jeanne-Marie van Brummelen, Liam de Koning, Leané Gerber, Shimei Visser, Le Roux van Wyk, Milan Visser, Divan Heyl, Giselle Geldenhuys, Luan Visser, Zea de Villiers & Ruan Nieuwenhuys.

## KOOR VERDIEN APPLOUS IN DIE MOEDERSTAD

Op die oog af lyk die musiek van Aandsang en 'n Drakensdans redelik eenvoudig, maar meng jy dit met die musikale talent van 118 Menlo-koorlede is die resultaat verstommend. Wanneer die eerste note val, kan die gehoor nie anders nie as om hulle in suiwer musikale genot te verkneukel.

Die koor se repertoire het die gehoor oudergewoonte op 'n luisterryke reis deur tyd en emosie geneem. Die Kaapse stadsaal is met dinamiese allegros en fluisterpiano's ingekleur, en dit is juis hierdie genuanseerde verrassings wat die gehoor telkens na hul asem laat snak het.

Toegegee, die Insig-redaksie is nie objektiewe óf gekwalifiseerde koorbeoordelaars nie en is daarom versigtig met musikale uitsprake. Een ding staan egter vas: Daar was nie 'n enkele hart wat tydens die nasionale finaal van die ATKV-Applous-kompetisie in Kaapstad onaangeraak gelaat is nie — hiermee sal selfs die mees gesoute beoordelaar saamstem.

Met 'n skitterende derde plek op nasionale vlak in die afdeling vir gemengde kore, het ons koor weereens bewys dat hulle onder die heel bestes in die land tel. Hartlik geluk aan me. Jeanmari van Papendorp, die koorpersoneel en elke koorlid met hierdie uitsonderlike prestasie.

'n Spesiale woord van dank word aan die koorouers gerig vir hul aandeel aan die koor se sukses. Die skool waardeer die laataandrondry, toewyding en ondersteuning.



# HARMONIE OP WÊRELDVERHOË: MENLO-KOOR VEROWER EUROPA!

Die Menlo-koor het gedurende die vakansie 'n onvergeetlike toer na Europa onderneem om aan die elfde Internasionale Jeugmusiekfees in die pragtige Slowaakse hoofstad, Bratislava, deel te neem. Met 'n herinneringsbank wat van onvergeetlike ervarings oorloop, het die koor met twee goue diplomas na die Menlo-bodem teruggekeer.

Dit was 'n voorreg om die skool se skatkis van musikale talent op die pleine van Bratislava se ou middestad, die majestueuse katedrale van Budapest en Ljubljana te vertoon.

Die koor deel graag 'n paar hoogtepunte:

- Om in geboue te sing wat eeue oud is, gee nuwe betekenis aan "akoestiek". Die koorlede het gou agtergekom: Hoe ouer die muur, hoe langer die eggo!
- Lake Balaton, waar koorlede soos ware Europeërs 'n vakansieatmosfeer beleef het, was onvergeetlik.
- Die koor het die Europese kombuise soos ware connoisseurs verken — al was daar af en toe 'n oomblik van verwarring oor wat presies op die spyskaart aangebied word. Met die tuiskoms is daar onomwonde verklaar dat die koor genoeg hoender en sop geëet het om braaivleis behoorlik te waardeer.

Die koor het in die kategorie, Youth Choirs en Musica Sacrae met begeleiding, deelgeneem en beide kategorieë met gemiddelde van onderskeidelik 93% en 94% gewen. Internasionaal bekroonde beoordelaars was veral in vervoering oor die koor se programkeuse en musikaliteit — die verslae was dit eens dat hierdie koor absolut in 'n klas van sy eie is!

Baie geluk aan me. Van Papendorp en haar koorspan wat bewys het dat Menlo-musiek geen grense ken nie!









# AKADEMIE

## 'N FRANSE DROOM WORD WAAR!



Terwyl die meeste van ons sukkel om ons tonge om woorde soos bonjour en mille-feuille te draai, het 'n groep dapper Fransleerders gedurende die wintervakansie hulle tasse gepak om braaivleis en koeksisters vir macarons en escargots te verruil!

Die Parkies het drie Franssprekende lande fyngekam om hul taalvaardighede in die praktyk te toets. Die toer het afgeskop in Brussels, België, waarna ons leerders Parys, Frankryk, behoorlik PLATgeloop het. Die Eiffeltoring se trappies is met dapper apostelperde trotseer, Mona Lisa is in die Louvre gegroet en selfs Parys se historiese ondergrondse wêreld in die katakombes, is verken.

Na 'n indrukwekkende dagbesoek aan die sprokiesagtige Mont Saint-Michel, is koers na die Franse Alpe gekies. Hier het die leerders die uiterstes van die Europese weer beleef. Hulle het een oomblik in die sneeu gespeel en die volgende oomblik tydens 'n hittegolf lafenis in 'n ysige bergmeer gesoek!

Die laaste stop? Genève, Switserland — natuurlik net om persoonlik seker te maak dat die beroemde Switserse sjokolade werklik aan Menlo-standaarde voldoen.

Daar is by die Insig geen twyfel nie dat die Parkies 'n tikkie Menlo-sprankel in Frankryk agtergelaat het en volgens hulle was die toer eenvoudig **Un voyage fantastique!**

## VYF SES SEWE AGT...





Terwyl die meeste mense tydens die vakansie die kans benut het om 'n bietjie te ontspan, het Menlo se revuegroep géén tyd gemors nie. Hulle het hul dansskoene aangetrek en die verhoog tydens 'n intensiewe oefenkamp stormgeloop.

Daar is van vroegoggend tot laatmiddag gesinchroniseer en gechoreografeer — dit is algemene kennis dat revue die beste aktiwiteit is as jy 'n lid van die skoner geslag met danspassies wil beïndruk.

Die resultaat van die groep se harde werk was verlede week by die eerste ronde van die Kaleidoskoopkompetisie sigbaar, waar hulle 'n duidelike boodskap aan ander skole gestuur het...

Die revueseisoen het pas begin. Hou hierdie spasie dop...

# ALGEMEEN

## DEBAT: CON SPIRITO-KOMPETISIE

Nagenoeg honderd debatspanne van skole van elke uithoek van Gauteng het vroeër vandeesmaand aan die Con Spirito-debatkompetisie deelgeneem. Die doel van die kompetisie, waar nie minder nie as sestien Menlo-spanne hulle sê gesê het, was om eens en vir altyd oor die volgende te besluit:

Juniors: Suid-Afrikaners behoort (nie) aanlyn winkels te ondersteun (nie).

Seniors: Kletsbotte kan skoolonderrig (nie) negatief beïnvloed (nie).

Te oordeel aan die uitslae is dit duidelik dat Menlo se debatteerders ingeligte opinies oor hierdie aktuele onderwerpe het. Hartlik geluk aan die spanne, afrigters en organiseerder, me. Tanya Matthysen, met uitstekende uitslae.

**Opsomming van die uitslae**

- Agt spanne behaal 80% en meer.
- Twee spanne behaal 90%.
- Menlo wen 13 uit 16 debatte.
- 14 uit 16 spanne dring na die semi-finale ronde deur.

**Juniors spanne op pad na die semifinaal**

Clara Blignaut en Li-ané Haasbroek, Lira Nel en Genevieve Vorster, Daniël de Waal en Liam Senekal, Xander de Lange en Stiaan Pretorius & Georgia Fitzroy en Angelique van Staden.

**Senior spanne op pad na die semifinaal**

Liané de Wet en Milan Visser, Zea de Villiers en Zani Dicks, Erich Pieterse en Stehan Serfontein, Kiana Pretorius en Lua Pretorius, Heinrich Coertze en Heinz Kunzmann, Carsten Bosman en Leané Gerber, Tristan Engelbrecht en Ruben Janse van Rensburg & Sophia Davies en Carli Serfontein.














DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Matriekraad 2027
Ruben Janse van Rensburg
Hoofseun
Christiaan
de Jager
Dagbestuur
Rynhardt
Buys
Dagbestuur
Markus
de Jager
Dagbestuur
Basie
Kromhout
Dagbestuur
Jan-Willem
Pienaar
Dagbestuur
Gustav
Grosskopf
Voorsitter: Parkieraad
Bern
du Toit
Conrad
Ehlers
Cohen
van Vuuren
Dante
Slabbert
Duran
Pieterse
Emile
Calitz
Erich
Pieterse
Erwee
Blom
Ethan
Fourie
Ewan
Vlok
Heinrich
Claassen
Izak
Murphy
Johannes
Maas
Joshua
Muller
Keagan
Hills
Marcus
Coetzee
Michael
Henderson
Mmushi
Gololo
Pieter
Grobler
Stehan
Serfontein
Thinus
Smit
Vishay
Naidoo
Wynand
Kruger



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Matriekraad 2027
Adri de Beer
Hoofdogter
Liané
de Wet
Dagbestuur
Voorsitter:
Parkieraad
Charlotte Jansen
van Rensburg
Dagbestuur
Gia
Marais
Dagbestuur
Kayden
Venter
Dagbestuur
Milan
Visser
Dagbestuur
Ané
Pretorius
Anika
de Souza
Anina
de Waal
Cara
Schulz
Clarabelle
Haasbroek
Emma
Brits
Inamari
van der Walt
Isabel
Roode
Jessica
van Rooyen
Julia
Louw
Karla
Bouwer
Leané
Muller
Liané
de Bruin
Liané
de Wet
Liané
van Sittert
Lienke
la Cock
Luané
Erasmus
Megan
Nieman
Mia
Muller
Ruvé
van der Ende
Selie
de Villiers
Simoné
Spies
Talia
Jonker
Teneal
Craven
Zelia
Küsel

# LEIERSKAP

**Matriekraadinhuldiging**

Die lewe volg 'n ritme van kom en gaan. So is die vaandel van hoop en leierskap vandeesweek amptelik deur die leiers van 2026 aan die volgende leierskorps oorhandig.

Vir die gaste was dit 'n emosionele oggend met die gemeenskaplike wete dat die Menlo-bodem 'n produk van suiwer genade is. Erik Senekal en Mia de Waal, uittredende hoofleiers, het vir oulaas agter die mikrofoon ingeskuif om die skool op 'n reis deur hulle Menlo-herinneringe te neem en te groet. Daarna het die nuwe hoofleiers, Adri de Beer en Ruben Janse van Rensburg, die mikrofoon as groentjies by hulle voorgangers oorgeneem om 'n nuwe hoofstuk in Menlo se geskiedenis aan te kondig.

Hartlik geluk aan die nuwe Matriekraad, dagbestuur en Parkieraad. Die Matriekraadvoogde, mnr. Hein Brits en me. Santa Maritz, asook die Parkieraadvoogde, me. Priscilla Marais en mnr. Johan Grové verdien 'n spesiale woord van dank vir hulle aandeel aan die dag se sukses. Die skool bedank ook vir ds. Simon van den Heever vir sy inspirerende boodskap oor leierskap.

Menlo is gereed vir 2027!

**Dagbestuur**

**Dogters**

Adri de Beer, Gia Marais, Kayden Venter, Liané de Wet, Milan Visser en Charlotte Jansen van Rensburg.

**Seuns**

Ruben Janse van Rensburg, Gustav Grosskopf, Jan-Willem Pienaar, Basie Kromhout, Markus de Jager en Christiaan de Jager.






**Parkieraad**

**Graad 9**

Dogters: Anabelle Beetge, Elzette Beetge, Illa Botha, Mila de Beer, Jana de Kock, Suzaan Esterhuyse, Zoë Eysele, Linmari Kirkpatrick, Leia Mentz, Emke Pieterse, Inge Schoeman, Giselle van Heerden, Adeleen van Rensburg & Isabelle Wannenburg.

Seuns: Coenie Bothma, Strauss Coertze, Jewan Coetzee, Pieter Coetzer, Jan du Toit, Burger Duvenage, Henk Jansen van Rensburg, Christiaan Knoetze, Caleb Muller, MW Pretorius, Paul Ralph, Jak Snyman, Bernard Theron & Waldré van der Merwe

**Graad 10**

Dogters: Clara Blignaut, Miané Campher, Lua Coetzee, Emily de Jager, Alexi Engelbrecht, Kayra Grobler, Li-Ané Haasbroek, Genell Roode, Diandi Snyman, Shiloh Stelfox, Lana Swanepoel, Chanté van Tonder, Nina Viljoen & Keilah Visser.

Seuns: Nathan Atkins, Liam Coertzen, Jean de Villiers, Emile Erasmus, Liam Kannemeyer, Anton Lourens, MJ Mclaren, Logan Roode, Ryan Roos, Wehann Snyman, Jo van de Vyver, Fourie van der Merwe, Heinrich Vögel & Max Wilkins.

**Graad 11**

Dogters: Lienka Botha, Lara Burger, Sophia Davies, Zea de Villiers, Vené Eloff, Leané Gerber, Lané Heystek, Lyla Hutton, Janelle Kirkpatrick, Lara Moolman, Maia Smit, Alé Theron, Zoey van Rooyen & Danielle Venter.

Seuns: Nathan Bennett, Reon Cloete, Heinrich Coertze, Anton de Klerk, Jan Engelbrecht, Liam Fryer, Arno Hartman, Mathys Knoetze, Dylan Kraamwinkel, Heinz Kunzmann, Jacques Malan, Jacobus Nieman, Wihann Schalekamp & Niël van Zyl.

**Voorsitter** Liané de Wet
**Ondervoorsitter** Gustav Grosskopf

# SPORT

## NETBAL

Wanneer een span die nasionale top-8 haal, is dit ’n groot oomblik. Wanneer drie spanne — die o.16A's, o.17A's én die eerstespan — gelyktydig plekke onder die beste agt netbalspanne in Suid-Afrika behaal, is dit nie net ’n goeie seisoen nie... Dit is ’n kragtoer!

Die resultaat van maande se oefeninge en die vermoë om koelkop te bly wanneer die telling op ’n mespunt balanseer, was gedurende die afgelope twee naweke op die nasionale netbalverhoog sigbaar. Hartlik geluk aan hierdie spanne en hulle afrigters met ’n puik prestasie!




**O. 19A** **8ste**

Abby van Zijl, Jeanie van Biljon, Shay Nel, Elmé du Plessis, Sydney Diemont, Leané Muller, Teneal Craven, Jessica van Rooyen, Leanie van Biljon & Chenique van Staden.



**O. 17** **7de**

Amoné Oosthuizen, Milah Beyers, Anne-rike Heyneke, Jade Lemmer, Leolin Del-port, Heike Swart, Eliz-Mari Beyer, Mian-ke Steyn & Chianey Louw.




**O. 16** **5de**

Anzél Potgieter, Nina Prinsloo, Danelle ’t Hart, Alexi Nel, Emma Holtzhausen, Amelie Bodenstein, Suna-Marie Bar-nard, Danika Smith & Mia Botha.

# SPORT

## HOKKIESPANNE GEREED VIR TOPTOERNOOIE

**Parkies in SA spanne**



Annika Kloppers O. 18A



Chanette Jansen van Vuuren O. 18B



Monique Gerber O. 16A
Beste middelveldspeler by die interprovinsiale toernooi

**Uitslae van onlangse toernooie**

| | |
|---|---|
| Friendship Cup (dogters) | O. 14A en O. 15A tree as wenners uit die stryd. |
| Pretoria Cup (seuns) | O. 14A (semifinaal); O. 16A (finaal) & O. 18A (semifinaal) |
| Noordvaal A (seuns) | O. 14A (8ste) |
| Pullen & Howell (dogters) | O. 16A (9de) |

**Spanne op pad na Super-12**

Die Hoërskool Menlopark is vanjaar die enigste skool in Gauteng en een van slegs vier skole in die land met spanne by al die toptoernooie. Hierdie unieke prestasie wys die ongeëwenaarde diepte en gehalte van ons hokkieprogram. Sterkte aan die spanne!

**DOGTERS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| O. 14A | Rhenish | Top-12 | Stellenbosch |
| O. 15A | | Noordvaal A | Curro Hazeldean |
| O. 16A | Paarl Gimnasium | Top-12 | Paarl |
| O. 18A | Oranje Meisies | Top-12 | Bloemfontein |

**SEUNS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| O. 16A | Paarl Gimnasium | Top-12 | Paarl |

## RUGBY

Die Hoërskool Menlopark beklee tans die vierde posisie in die gesogte Noordvaal Beker-kompetisie.
Volg die **skakel** vir die tellings.

**Uitslae**

Menlo vs. Noordheuwel
Wedstryde gespeel: 14 Wedstryde gewen: 8

Menlo vs. EG Jansen
Wedstryde gespeel: 13 Wedstryde gewen: 9



# SPORT

## KRIEKETSPANNE TOER SA PLAT












Vir Menlo se krieketspelers was die afgelope vakansie met aksiebelaaide toere gevul.

Die o. 14B-span het na Penryn College gereis en waardevolle ervaring opgedoen. Hoërskool Ben Vorster was die bestemming van die o. 14A-span waar hulle 'n reusetelling van 526/9 — wat drie honderdtalle in een beurt insluit — teen HTS Witbank behaal het. By Merensky het die o.15's en senior spanne vir naelbytkrieket-aksie uit die boonste rakke gesorg en gewys dat hulle slaggereed vir die nuwe seisoen is.

Aan die tuisfront het die o.15B-span puik presteer, terwyl die o.14's 'n intensiewe oefenkamp gehou het om hul tegniek en vaardighede vir die res van die seisoen te slyp.

Die eerstespan se toer na Nelspruit vir die gesogte Mozzie-week, was die kersie op die koek waar hulle teen topspanne soos Maritzburg College, Hoërskool Nelspruit en Jeppe te staan gekom het en met knap oorwinnings uitgeblink het.

Baie geluk aan al die spelers en afrigters. Die fondasie vir 'n skitterende seisoen is stewig gelê!

# PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND



**Driekamp**

Kara du Plessis sal Suid-Afrika vanjaar by twee wêreldkampioenskappe verteenwoordig:

- 2026 World Triathlon Age-Group Championships in Pontevedra, Spanje.
- 2026 World Triathlon Multisport Championships in Abu Dhabi.



**Judo**

Noah Nice is vir die vyfde jaar agtereenvolgens 'n Suid-Afrikaanse judo-kampioen.



**Padwedlope**

Skukuza-halfmarathon: Stefan Jansen van Vuuren het in die afdeling vir junior mans geseëvier.

**Skoonheidskompetisies**



Zanté Uys het 'n rits toekennings by die Royal International Miss 2026 verower, onder andere:

- Wenner: Topmodel & Fotoportefeulje
- Beste teenwoordigheid op die verhoog
- Regal Excellence Award

**Uitvoerende kunste**



Ané van Dyk is 'n kranige musikant wat verlede jaar gekwalifiseer het om vanjaar aan die internasionale WCOPA-kompetisie in Amerika deel te neem.

| | | |
|---|---|---|
| Goud | Duet | Klavier |
| Silwer | Duet | Fluit |
| Silwer | Solo kontemporêr | Fluit |
| Brons | Solo open | Klavier |

# SPORT

## LANDLOOPATLETE OP PEIL


Leon Stoltz


Bianca Stoltz


Tommie Cronje


Zanta Lourens


Dylan Kraamwinkel

**Lavender Kontrei**

| | | |
|---|---|---|
| Leon Stoltz | O. 19 | 1ste |
| Bianca Stoltz | O. 17 | 3de |
| Tommie Cronje | O. 15 | 3de |

**Suid-Afrikaanse kampioenskap: 21 km, 5 km en 1 myl**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bianca Stoltz | O. 15 | 5 km | 5de |
| Leon Stoltz | O. 19 | 21 km | 1ste |
| Zanta Lourens | O. 16 | 1 myl | Deelname |
| Dylan Kraamwinkel | o. 19 | 1 myl | Deelname |



## GHOLF: MENLO-SPELER VERRUIL PANNEKOEK VIR PASTA

Schalk van Ettinger is vir SA se o.16–span wat gedurende September aan 'n internasionale toernooi in Italië gaan deelneem, gekies. Hartlik geluk!


## WAT MAAK 'N KAMP SO LEKKER? FIETSRY, NATUURLIK!

Die jaarlikse fietsrykamp by Zwartkloof Natuurreservaat was oudergewoonte 'n hoogtepunt op die kalender. Die fietsryers het daarna hulle nuutgevonde vaardighede by Sondela in die Ford Trailseeker-resies beproef. Die Insig is saam met die span opgewonde oor die avonture wat in die derde kwartaal wag!






# PARKIE-ENTREPRENEURS









# PARKIE-ENTREPRENEURS





MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!








## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

**STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.**

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# MARKPLEIN


evening
WARDROBE
Your matric farewell dress
is waiting right across the street
Evening Wardrobe has one-of-a-kind matric
farewell gowns ready for you to fit, fall in love with,
and make unforgettable memories in.
Book your appointment today
WWW.BRIDALWARDROBE.CO.ZA
IG: @EVENING_WARDROBE

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING

## Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

### NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

### KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org





